LAERSKOOL UNIKA
ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**22 Julie 2019 / Nr. 22**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons **kultuurfees** wat **Woensdag, 17 Julie** plaasgevind het was voorwaar ŉ REUSE sukses. Graag wil ek vir elke liewe personeellid wat gehelp het, elke leerder wat deelgeneem het en al die ouers en leerders wat bygewoon- en ondersteun het, uit die diepte van Unika- en my hart, baie dankie sê. Sonder julle was só fees nie moontlik nie! Die positiewe terugvoer van, veral die ouers, word opreg waardeer en weereens besef ons dat Unika saamgroei en baie trots kan wees. Baie dankie aan al die donateurs wat ons ondersteun het, jul goedhartigheid word hoog op prys gestel. ŉ **Spesiale dank aan juffrou Maritza Nell** vir die hele organisering en harde werk, jy is ŉ ster!

**Juffrou Maritza skryf die volgende:**

*Beste Ouers, Leerders en Personeel.*

*Hoe sê mens met woorde dankie?*

*Ons kunstefees was 'n fenominale sukses! Sonder die ondersteuning van ons ouers en die entoesiasme van ons leerders sou ons dit nie kon doen nie. Aan elke kunstenaar wat opgetree het, 'n kunswerk gemaak het, elke leerder en ouer wat die aand kom ondersteun het, baie baie dankie!*

*Daar was 'n heerlike atmosfeer, ons gaskunstenaars was wêreldklas en selfs hulle het opgemerk met hoeveel entoesiasme en gemeenskaplike trots elke leerder deelgeneem en ondersteuning gebied het.*

*Aan ons getroue koorlede se ouers, baie dankie dat ons altyd op julle onvoorwaardelike ondersteuning kan staatmaak. Aan elke koorlid, junior- en seniorkoor, vir die laataande en vroeë oggende wat ons julle vra om op te tree. Julle maak ons trots! Aan ons koorleiers en afrigters, julle liefde vir ons kinders en musiek maak die verskil.*

*Aan elke uitstaller en die mense wat die kosstalletjies beman en voorsien het, julle kos was heerlik en julle ware net wat die kinders se harte begeer het!*

*Unika se ongelooflike personeel vir die hande vat en saamwerk wil ons só baie dankie sê. Ons weet mens wonder soms waar die tyd gevind gaan word om alles te maak werk en dan vat julle as 'n span hande en laat dinge gebeur.*

*Kom ons maak weer so Unika? Wat sê julle?*

*Maritza*

* * * * * * * * * * * * * *

Die **toetsreeks** begin hierdie week. Sien toetsrooster onderaan. Baie sterkte aan al die leerders! Leer hard en doen jul bes!

**Die dogters-hokkieliga** wat verlede week afgeskop het, het baie goed verloop teen Christiaan de Wet. Die uitslae was soos volg:
0/9 wen 11-0, 0/10 wen 5-0, 0/11 wen 7-1, 0/12 speel gelykop 0-0

Welgedaan aan elke liewe speelster, hou so aan. Unika is trots op julle!
**Sterkte aan die seuns se hokkieliga** wat hierdie week begin, speel jul harte uit!

Aan al die **tennisspelers, krieketspelers en landloopatlete** wat ook hierdie week deelneem aan verskeie byeenkomste, **baie sterkte**. Hou Unika se naam hoog!

## 2. TOETSROOSTER

# Toetsrooster : Derde kwartaal 2019

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag 26 Julie | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Geografie | Tegnologie |
| Vrydag 02 Augustus | NWT | NWT | NWT | EBW |
| Donderdag 08 Augustus | Engels | Engels | Engels | Afrikaans |
| Vrydag 16 Augustus | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | NW |
| Vrydag 23 Augustus | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Engels |
| Vrydag 30 Augustus | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Vrydag 06 September | | | | SW: Geografie & Geskiedenis |

- Toetse word aan die begin van die dag geskryf. Alle leerders moet stiptelik om 07:40 begin skryf. Dit is baie steurend vir die res van die klas as iemand laat is.
- Neem kennis van ENGELS: gr. 4 – 6 en AFRIKAANS: gr. 7 wat op 'n Donderdag geskryf word a.g.v. openbare vakansiedag.
- Afbakening word een week voor die tyd aan die leerders gegee. Dit verskyn dan ook op die webtuiste.
- Ouers teken toetse as leerders dit terugkry - dit is baie belangrik dat ouers kennis neem van punte.
- Vir navrae aangaande toetse - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.
- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.
- ***NB: NEEM KENNIS DAT LEERDERS OP VERSKILLENDE DAE SKRYF!***



## 3. KULTUUR & SPORT

Alle oefentye word op d6 geplaas. Inligting, wedstryde en optredes as volg kan ook op d6 gesien word:

**Tennisliga: Juniors**

Dinsdag, 23 Julie – Seuns A teen Trinity en C teen BPMS.

Woensdag, 24 Julie – Dogters A teen Fairland en B teen Bryandale.

**Hokkie: Dogters**

Dogtersliga o/9-o/12 op Dinsdag, 23 Julie by Laerskool Louw Geldenhuys teen Fairland. 09's vertrek om 13:00 en die res van die spanne vertrek om 13:30.

o/13-dogters by Randburg Astro teen Laerskool Louw Geldenhuys om 14:10.

**Hokkie: Seuns**

Seunsliga o/11 begin by Laerskool Louw Geldenhuys op Donderdag, 25 Julie teen Randpark Primary om 14:30 (vertrek om 13:30).

o/13-seuns by Trinity House teen Randpark Primary om 14:55.

**Krieket**

o/10 teen Trinity-Randpark – tuis.

**Landloopliga**

Donderdag, 25 Julie by Ruimsig (vertrek om 13:15).

**Skaak**

GEEN skaakoefening op hierdie Donderdag**, 25 Julie** a.g.v. afrigter wat nie beskikbaar is nie.

**Koor**

GEEN junior- en seniorkooroefeninge ná skool op Donderdae **vanaf 25 Julie tot 8 Augustus.** Oefeninge sal plaasvind gedurende aktiwiteitsperiodes.

Normale ná skool kooroefeninge op Donderdagmiddae sal weer op 15 Augustus begin.

**Kriekettoer wat gedurende die vakansie plaasgevind het:**

Unika het op 13 Junie na Camp Discovery vertrek vir die kriekettoer.

Die seuns het 4 wedstryde gespeel waarvan hulle een gewen het. Die seuns het ongelooflike ontwikkeling getoon. Hannu Marais het met 'n gemiddeld van 200 met die kolf, Unika se naam hoog gehou. Emile Kleynhans was Unika se beste bouler met 6 paaltjies in die toernooi.

Unika is trots op die seuns.

## 4. SOSIALE MEDIA / SELFONE

Op **Woensdag 24 Julie** kom me. Carla de Beer van die Digital Law Company die gr. 5-7 leerders toespreek oor die gevare van sosiale media. Ons wil ook graag die leerders se ouers uitnooi om die geleentheid te kom bywoon en so ook nuwe insig te kry oor hoe gevaarlik die gebruik van 'n selfoon in die hande van 'n kind kan wees. Die praatjie begin om 11:00 en sal 12:00 afgehandel wees. Hieronder is net 'n bietjie meer inligting oor die spreker.

Carla de Beer

Administrative Manager and Speaker

Carla joined the Digital Law Company in April 2016, while completing her LLB degree at the University of Johannesburg and her Diploma in Media Law through the University of the Witwatersrand.

Carla is passionate about children and educating them on how to use social media well. At the Digital Law Company, Carla is responsible for managing all administrative sides of the business, and also delivers school presentations in Afrikaans on the legal, reputational and disciplinary risks of social media.

When she isn't running the show at the Digital Law Company, Carla is a passionate sportswoman and spends any given opportunity enjoying the outdoors.



## 5. GRAAD 7 - ENTREPRENEURSMARK

Die **gr.7's se entrepreneursmark** is op Donderdag, 25 Julie. Graag herinner ons almal om 'n geldjie te bring vir die stalletjies. Daar is altyd iets interessant of lekker te koop.

## 6. 2 AUGUSTUS & 8 AUGUSTUS

Op **Vrydag, 2 Augustus** sal die skool om 12:00 sluit a.g.v. die Voortrekkers wat op daardie dag vertrek vir hul jaarlikse kamp en 'n groot groep leerders gaan kamp. Toesig sal vanaf 12:00 tot 13:30 beskikbaar wees. Naskoolsentrum sal normaalweg voortgaan.

Op **Donderdag, 8 Augustus** sal die skool sluit om 12:00 a.g.v. die langnaweek (Vrydag, 9 Augustus – Nasionale Vrouedag). Toesig sal vanaf 12:00 tot 13:30 beskikbaar wees. Naskoolsentrum sal normaalweg voortgaan.

## 7. HEKTYE

Graag herinner ons u daaraan dat **vanaf Maandag, 5 Aug** (vir sekuriteitsredes) die enigste hek in Abbotweg (hoofhek) oop sal wees ná 15:30. Die sporthek sal steeds oop wees gedurende normale tye tussen 06:45 en 07:30 en tussen 13:00 en 15:30. Ons waardeer u samewerking en vertrou dat u saam met ons die veiligheid van leerders as uiters belangrik beskou.

## 8. SUPERBRU

As deel van 2019 se graad 7-fondsinsameling inisiatief en met die "Rugby World Cup" 2019 om die draai, nooi ons graag elke Unika-ouer, -kind, -niggie, -neef, -ouma en -oupa om saam met ons Superbru te speel tydens die "Rugby World Cup" 2019.
Die toernooie begin 20 September en eindig op 2 November 2019.
Inskrywingsfooi is R300 per gebruiker.
**Pryse is:**
**1ste plek – R5,000**
**2de plek – R3,000**
**3de plek – R1,000**
'n Brief rakende die inligting oor die toep is op die d6 beskikbaar. Kom deel gerus saam in ons opgewondenheid!

## 9. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

Neem asb. kennis van die prosedures van e-posse aan personeel:
Alle ***sportverwante sake*** - sport@unika.co.za
Alle ***akademiese sake*** – Eerste aan vakonderwyser: "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za) in asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).
Alle ***graadverwante sake*** – Stuur e-pos aan graadvoogde:
Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)
Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)
Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)
Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)
Enige ***ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)***– (ontvangs@unika.co.za)
Enige ***versoeke om hoof te sien*** – (unika@unika.co.za)

**Rympies vir klein duimpies & CD**
Al die boekies met CD's is uitverkoop.  Boekies gaan nie herdruk word nie.

**CD van Steffie le Roux**
Beperkte CD's van Steffie le Roux is by Elna van Zyl beskikbaar.  Stuur asb. R100 kontant met u kind saam skool toe en CD sal aan u kind gegee word.

**Tongkuns- en sangaktiwiteite aangebied deur Steffie le Roux**
Tongkuns- en sangklasse word by Laerskool Unika aangebied deur Steffie le Roux.  Vir meer inligting kontak Steffie by:  steffieleroux@gmail.com / 082 333 7650.




**VERLOOP BUILDING**

ALEX VERLOOP
083 400 2766
abwverloop@gmail.com
www.verloopbuilding.co.za
www.facebook.com/VerloopBuilding/
2 Nicolyn Avenue, Ruiterhof, Randburg

**QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED**

**SERVICES**

- Building alterations
- Revamping bathrooms
- Rhinolite
- Tiling / Cladding
- Carpentry
- Electrical
- Plumbing
- Painting
- Ceilings
- Water and damp proofing

**Ekstra wiskunde klasse**

saam met **JUF. MARIETTE GALJAARD** en Rocknroll Einsteins

Graad 4 - 7

Inskerping van tafels
Vaslegging basiese en nuwe beginsels
Video's met werkkaarte

kontak mariette.galjaard@unika.co.za vir meer inligting

*La Couronne Dental Care*

**Tandarts /Dental Surgeon**
**Dr. Ryno de Vos**
**011 792 2555/6**
info@lacouronnedental.com
168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg

*"We can't wait to see your Smile!"*

La Couronne

# Naaldwerkklasse 3de kwartaal

Wees kreatief en leer hoe om iets nuuts te maak wat jy kan gebruik.

Wanneer: Donderdae 14:00-15:00 of 15:00-16:00 (eerste klas 18 Julie 2019)

Koste: R450 vir 6 klasse van 1 uur elk.

*Alle materiaal word voorsien.

Plek: LS Unika kamer 27

*Beperkte plekke beskikbaar.




Kontak juffrou Charlotte Otto vir enige navrae:

Charlotte.Otto@unika.co.za